



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

**Gratis kinder storie:**

## **Apie Kenapie** deur Anna Emm

Op 'n dag sit Apie Kenapie hoog bo in 'n boom. Hy sit nog so lekker en kattedekwaad uitdink, toe val daar 'n druppel op sy kop. "Haai!" roep hy vies. "Wie gooi my dan nou met druppels?"

Hy kyk op, en sien 'n groot blaar bokant sy kop. Die blaar maak 'n bakkie, en daar is 'n klomp waterdruppels in die bakkie. Elke keer as die wind die blaar roer, loop 'n druppel water oor die rant. Dit gee mos nou vir Apie Kenapie 'n plan!

Soos blits gaan pluk hy die blaar-bakkie met die water in – baie versigtig om nie die water te stort nie. Nou gaan sit hy weer op sy tak en wag. Ook nie te lank nie, of Luiperd kom lê uitgestrek onder die boom. Net toe Luiperd sy oë toemaak, drup Apie Kenapie 'n druppel water van die blaar af op sy kop!

Luiperd skrik en kyk op. "Lyk my dit gaan reën!" roep hy vir Apie Kenapie daar bo in die boom. "Ons moet skuiling soek!"

Apie Kenapie lag tog te lekker toe Luiperd wegdraf om te gaan skuiling soek. Net toe kom Leeu ook onder die boom in die lang gras lê. Leeu het net lekker ingesluimer, toe drup Apie Kenapie 'n waterdruppel op sy neus!

Leeu loer op na waar Apie Kenapie op die tak sit en sê: "Smaak my hier kom reën, Apie Kenapie. Ons beter skuiling soek."

Apie Kenapie lê soos hy lag toe Leeu daar weg is. Die speletjie raak nou lekker! Hy wag nie te lank nie of Zebra kom maak haar gemaklik onder die boom. Nou drup Apie Kenapie ook 'n druppel water op Zebra se kop! Sy kyk verskrik op in die lug en sê: "Dis mos 'n reëndruppel, Apie Kenapie! Ek moet my kinders gaan roep en skuiling soek. Jy beter ook dieselfde doen."

Apie Kenapie proes van die lag. Hy vang ook vir Waterbok, Luislang én die hasies so uit toe hulle onder die boom kom sit. Elke keer laat val hy 'n druppel water uit die blaar-bakkie op hulle koppe en dan dink hulle dit gaan begin reën! Dis vir hom vreeslik snaaks.

Apie Kenapie geniet sy grappie só dat hy nie sien dat die wolke begin toetrek nie. Toe die eerste swaar druppels begin val, is Apie Kenapie nogsteeds daar hoog bo in die boom. Hy reën sopnat! En toe die weerlig begin slaan gee hy net een sprong tot onder op die grond. Hy laat spat oor die nat aarde om te gaan skuiling soek.

En reken bietjie? Al die diere wat droog in hulle skuilplekke lê sien vir Apie Kenapie natreën, en hulle kan nie help om self toe lekker te lag nie.

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

**Apie Kenapie** illustrasie deur Elanie Bieldt

